

HOOFSTUK 1: VLUGTELINGE EN ONWETTIGE VREEMDELINGE: 'N KONSEPTUELE RAAMWERK

Die dinamiese en dikwels onstabiele aard van die kontemporêre internasionale politieke stelsel lei daagliks tot die skending van basiese menseregte. Politieke en etniese konflik, veroorsaak deur oorbevolkte gemeenskappe en ekonomiese ongelykhede binne bevolkings, word toenemend in talle gemeenskappe aangetref. Die gaping tussen ryk en arm in die noordelike en suidelike halfrond, binne gemeenskappe en state, blyk al hoe meer onoorbrugbaar te wees. Die staat waarbinne die individu homself bevind, dui dikwels die teenstrydigheid aan tussen die idees van individue as burgers van die wêreld, en hulle status as lede van nasionale gemeenskappe. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die mate van vryheid wat 'n individu kan geniet om 'n staat binne te gaan of te verlaat, soos dit hom/haar behaag. Burgers van vele state het nie bogenoemde voorreg nie òf omdat hulle tuisstaat hulle nie toelaat om die staat te verlaat nie, òf omdat die staat waarna hulle migreer of vlug, hulle nie wil toelaat om die staat om verskeie redes binne te gaan nie.

Grootskaalse migrasie speel 'n belangrike rol in die huidige komplekse, internasionale arena. Die belangrikste hiervan is vlugteling en onwettige vreemdelinge. Tans meer as ooit tevore, word massas mense in state dwarsoor die wêreld gedwing om as gevolg van verskeie faktore, hulle eie state te verlaat en veiligheid of beter sosio-ekonomiese omstandighede in ander state te gaan soek. Alhoewel hierdie studie in verdere hoofstukke hoofsaaklik konsentreer op onwettige vreemdelinge, is dit nodig om die onderskeid tussen onwettige vreemdelinge en vlugteling duidelik te stel.

Omdat migrasie en die geleentheid om uit hulle eie hagglike omstandighede te vlug, deur 'n toenemende getal individue gesien word as 'n oplossing vir 'n hele reeks probleme, het onwettige migrasie 'n baie duidelike manifestasie van politieke, ekonomiese en maatskaplike mislukkings geword. Oorbevolking, die vernietiging en oorontginning van natuurlike hulpbronne, oneffektiewe landboumetodes en die

mislukking van verskeie vorme van regerings, dra tot 'n groot mate by tot die verskynsels van vlugteling en onwettige vreemdelinge.

Alhoewel onwettige vreemdelinge die state waarheen hulle vlug op verskeie wyses beïnvloed, is daar ook implikasies vir tuisstate. Dié implikasies as gevolg van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge, word dan op verskeie terreine bespreek en ontleed.

1. Omskrywing van die terme vlugteling en onwettige vreemdeling

Om vlugteling en onwettige vreemdelinge van mekaar te onderskei, is dit nodig om 'n oorsig oor die verskillende internasionale konvensies rakende vlugtelingstatus te bied.

1.1 Internasionale konvensies wat met vlugtelingstatus verband hou

Dit is al gestel dat daar vier basiese vereistes bestaan waaraan 'n definisie van 'n vlugteling moet voldoen voordat dit as analities bruikbaar beskou word, naamlik:

- i) dit moet die omstandighede waaronder 'n individu 'n vlugteling geword en opgehou het om as vlugteling bekend te staan, omsluit;
- ii) die belangrikste tipes vlugteling insluit;
- iii) nie so omslagtig wees dat die skeidslyn wat vlugteling van ander tipes migrante skei, onduidelik word nie; en
- iv) moet ook nie so eng wees dat dit nie gebruik kan word in die empiriese analise van vlugtelingstatistiek nie.^(1.)

Dit word gestel dat: "The purpose of any definition or description of the class of refugees is thus to facilitate, and to justify, aid and protection; moreover, in practice, satisfying the relevant criteria ought to indicate entitlement to the pertinent rights or benefits."^(2.) Internasionale konvensies wat as basis gebruik word

om die status van 'n vlugteling duidelik te omskryf, word vervolgens bespreek.

1.1.1 Die 1951 Geneefse Konvensie en die 1967 Geneefse Protokol

Die *Geneefse Konvensie van 28 Julie 1951*, handel oor die status van vlugteling en definieer 'n vlugteling as:

[Any person who]...as a result of events occurring before 1 January 1951 and owing to well-founded fear of being persecuted for reasons of race, religion, nationality, membership of a particular social group or political opinion, is outside the country of his nationality and is unable or, owing to such fear, is unwilling to avail himself of the protection of that country; or who, not having a nationality and being outside the country of his former habitual residence as a result of events, is unable or, owing to such fear, is unwilling to return to it.^(3.)

Die 1951 Konvensie is aangeneem om as oplossing te dien vir 'n situasie wat die Verenigde Nasies (VN) gedink het van korte duur sou wees en is hoofsaaklik geformuleer om Europese burgers wat na die (en as gevolg van) die Tweede Wêreld Oorlog buite hul eie tuisstate was, te akkommodeer. Die hoofdoel was dus om die hervestiging van vervolgte individue wat hoofsaaklik slagoffers van die Tweede Wêreld Oorlog was, te fasiliteer. Volgens dié definisie, kon niemand as vlugteling beskou word indien die gebeure wat veroorsaak het dat die individu vlug, na 1951 plaasgevind het nie.^(4.) In die Konvensie is ook gestel dat state 'n keuse kon maak om bystand aan vlugteling te verleen op grond van:

- a. "events occurring in Europe before 1 January 1951" en
- b. "events occurring in Europe or elsewhere before 1 January 1951".^(5.)

Dié opsionele geografiese beperking het state, deur ratifikasie, ook toegelaat om hulle verantwoordelikhede teenoor vlugteling te beperk.^(6.) 'n Bykomende Protokol is op 31 Januarie 1967, aangeneem en het as aanvulling tot die bestaande Konvensie gedien. Die term vlugteling is in die gewysigde Protokol uitgebrei om alle

individue wat volgens die 1951 Konvensie as vlugteling gekwalifiseer het in te sluit, maar sonder enige verwysing na 'n afsluitingsdatum of 'n spesifieke geografiese gebied.^(7.)

Die *Geneefse Protokol van 1967* definieer 'n vlugteling as:

[Any person who]...owing to well-founded fear of being persecuted for reasons of race, religion, nationality, membership of a particular social group or political opinion, is outside the country of his nationality and is unable to or, owing to such fear, is unwilling to avail himself of the protection of that country; or who, not having a nationality and being outside the country of his former habitual residence...is unable or, owing to such fear, is unwilling to return to it. (As amended by Article 1(2) of the 1967 Protocol.)^(8.)

Volgens dié definisie kan 'n vlugteling geïdentifiseer word as 'n persoon wat bepaalde eienskappe besit, naamlik dat dié persoon buite sy/haar tuisstaat is en nie by magte is of nie bereid is om in sy/haar tuisstaat beskerming te ontvang of te aanvaar nie, of na sy/haar tuisstaat terug te keer nie. Sulke magteloosheid of onwilligheid word aan 'n gegronde vrees vir vervolging toegeskryf en dié gegronde vrees vir vervolging is gebaseer op ras, geloof, nasionaliteit, lidmaatskap aan 'n bepaalde maatskaplike groep, of politieke standpunte.^(9.)

'n Mate van kritiek bestaan egter rondom die VN se omskrywing van 'n vlugteling. Sommige sien dié definisie as te eng omdat dit nie genoeg voorsiening vir ekonomiese vlugteling (individue wat van armoede vlug) of omgewingsvlugteling (individue wat van ekologiese rampe vlug), maak nie. Loescher stel dit dat: "In many developing countries which have few resources and weak government structures, economic hardship is generally exacerbated by political violence. Thus it has become increasingly difficult to make hard and fast distinctions between refugees (as defined by the 1951 UN Convention) and economic migrants."^(10.)

Die mening is egter ook dat die hoofkriterium in die VN Konvensie vir 'n individu

om as vlugteling te kwalifiseer, vervolging is, naamlik 'n spesifieke persoon wat deur sy/haar tuisstaat se regering vervolgd sal word (of reeds vervolgd word) indien so 'n individu in die tuisstaat sou bly of terugkeer. Zolberg stel dat die status van 'n vlugteling deur die omskrywing van die term "vervolging" bepaal word en die posisie van so 'n individu daardeur uitsonderlik gemaak word. Volgens Surhke word persone wat van algemene toestande van geweld en verdrukking vlug, nie in die definisie ingesluit nie omdat hulle nie deur die bepaalde staat se regering vervolgd word nie.^(11.) Die bepalende eienskappe van vervolging word as eksklusief intern tot 'n spesifieke staat beskou en die aksies wat as vervolgbaar gesien kan word beperk. Nog 'n belangrike aspek van die VN definisie is die beklemtoning dat 'n vlugteling buite sy/haar staat van oorsprong moet wees, voordat vlugtelingstatus aan so 'n persoon toegeken kan word. Gemeenskappe of individue wat dus binne hulle eie staat gedwing word om te vlug as gevolg van bepaalde gebeure in die staat, val dus buite die regsgebied van die VN se Hoë Kommissaris vir Vluchtlinge (VNHKV).^(12.)

Sans Dyl:

Die 1951 Konvensie en die 1967 Protokol is vandag die primêre internasionale konvensies waarvolgens individue as vluchtlinge erken word of waarvolgens vlugtelingstatus geweier word. Die 1967 Protokol is ook in verskeie regionale ooreenkomste, rakende vlugtelingstatus, ingesluit om die situasie van erkende vluchtlinge te verbeter. Een so 'n regionale ooreenkoms is die *1969 Organisation for African Unity (OAU) Convention on Refugee Problems in Africa*.^(13.) Hierdie Konvensie is meer insluitend as die VN Konvensie, en word vervolgens bespreek.

Versteig. D:

1.1.2 Die Organisasie vir Afrika Eenheid (OAE) Konvensie van 1969

Vluchtling:

As gevolg van die groot getalle burgers van state in Afrika wat gedurende die 1950's en 1960's uit hulle eie tuisstate na ander state gevlug het (as gevolg van interne konflik en konflik tussen state),^(14.) is 'n konvensie op 10 September 1969 deur die OAE aangeneem, wat as aanvulling tot die twee Geneefse instrumente gedien het. Dié *OAE Konvensie* is veral gemoeid met die situasie van vluchtlinge in Afrika en omsluit 'n veel breër definisie van die term vlugteling.^(15.)

en wysersig. D: Die OAE Konvensie van 1969 en die VN Konvensie van 1951

Die OAE Konvensie definieer 'n vlugteling as 'n persoon wat:

"...owing to a well-founded fear of being persecuted for reasons of race, religion, nationality, membership of a particular social group or political opinion, is outside the country of his nationality and is unable or owing to such fear, is unwilling to avail himself of the protection of that country, or who, not having a nationality and being outside the country of his former habitual residence as a result of such events is unable or, owing to such fear, is unwilling to return to it. The term 'refugee' shall also apply to every person who, owing to external aggression, occupation, foreign domination or events seriously disturbing public order in either part of or the whole of his country of origin or nationality, is compelled to leave his place of habitual residence in order to seek refuge in another place outside his country of origin or nationality."^(16.)

Soos blyk, is die term vlugteling (volgens die OAE Konvensie) van toepassing op elke individu wat, as gevolg van eksterne aggressie, sy/haar beroep, eksterne dominansie of gebeure wat die openbare orde ernstig ontwrig — of in enige deel van die staat of in die staat as geheel — binne sy/haar staat van oorsprong of nasionaliteit, verplig is om sy/haar woonplek te verlaat om beskerming in 'n ander staat, buite sy/haar staat van oorsprong of nasionaliteit, te soek.^(17.)

Bepaalde beginsels rakende vlugtelingstatus, word ook deur die OAE Konvensie bevestig. Die erkenning van vlugtelingstatus is state se voorreg en word as 'n uitdrukking van die nasionale soewereiniteit van die ontvangende staat gesien. Vlugtelingstatus is dus nie 'n inherente reg van die individu nie, maar wel die soewereine reg van state om dit aan 'n bepaalde individu te verleen of te weier. Ooreenkomstig die bepalinge van die OAE Konvensie is dit state se verantwoordelikheid om nie toegang aan individue te weier wat daarop aanspraak maak dat hulle vlugteling is nie. Sulke state moet dit eerder op hulself neem om sulke individue se gevalle deeglik te ondersoek en indien vlugtelingstatus toegeken is, aan hulle vrywaring van vervolging te bied. Die toekenning van vlugtelingstatus en vrywaring is eerstens 'n humanitêre daad en kan nie deur die vlugteling se

tuisstaat as vyandig gesien word nie. Tweedens is die toekenning van vrywaring vreedzaam van aard en die vlugteling moet die toegewing respekteer deur hom of haarself te weerhou van enige ondermynende optrede teen die bepaalde ontvangende staat. Terselfdertyd moet state altyd in gedagte hou dat die repatriasie van vlugteling vrywillig en nie gedwonge behoort te wees nie.^(18.)

In administratiewe terme omsluit die erkenning van vlugtelingstatus dat die staat wat vrywaring aan 'n bepaalde individu toeken, 'n identiteitsdokument en reisdokument aan so 'n individu gee, wat hom/haar in staat stel om die staat na vrye keuse te verlaat of daarna terug te keer. In aanvulling tot die OAE Konvensie het die OAE nog twee resolusies op 21 Februarie 1975 en 3 Julie 1976 aanvaar. Hierdie resolusies stel onder andere voor dat regerings 'n groter buigbaarheid in die uitreiking van reisdokumente en die verlening van vervoerfasiliteite aan vlugteling, sal toon.^(19.)

Gedurende 1974 is die *1969 OAE Konvensie* deur een derde van die lidstate goedgekeur en in werking gestel.^(20.) Zolberg stel dit dat: "It captured the emerging realities of a continent where instability and upheavals of various kinds cast masses of deprived people across international borders in order to stay alive and where man-made calamities interacted with natural catastrophes to threaten the survival of entire communities."^(21.)

Volgens hom is die insluiting van "eksterne intervensie" en "gebeure wat openbare orde ernstig ontwrig" (in die OAE se definisie) as deel van die vereistes om as vlugteling erken te word, gelykstaande aan die argument dat die slagoffers van sulke prosesse gelykstaande is aan slagoffers van vervolging. Laasgenoemde twee groepe kan dus, as hulle om vlugtelingstatus aansoek doen, op 'n gelyke basis vir spesiale oorwegings aanspraak maak. Die OAE se meer uitgebreide definisie stel Afrikastate in staat om individue as vlugteling te erken, sonder om enige iemand skuldig te bevind of te vervolg en sodoende die OAE-lede se verantwoordelikhede en bydrae tot die generering van vlugtelingstrominge, te verdoesel.^(22.)

Alhoewel die VN Konvensie en die OAE Protokol as die mees omvattende wetlike

instrumente rakende vlugteling gesien word, kom tekortkominge wel voor, naamlik:^(23.)

- a) Die state wat hulle ondersteuning aan een of albei van die ooreenkomste (VN Konvensie en die OAE Protokol) gegee het, is daardeur verplig om hulle nasionale bepalinge met hulle internasionale verantwoordelikhede in ooreenstemming te bring. Sulke state is wetlik verbind binne die raamwerk van die ooreenkomste en state wat nie hulle goedkeuring daaraan gegee het, of dit nie onderteken het nie, word nie in hulle optrede teenoor vlugteling daardeur verbind nie. Uit die 150 state in die wêreld het slegs 78 een of albei van die ooreenkomste teen 1993, onderteken.
- b) 'n Individu se vlugtelingstatus eindig sodra die omstandighede wat hulle gedwing het om te vlug ophou bestaan, sodra hulle terugkeer na hulle eie staat, of as hulle 'n nuwe nasionaliteit bekom deur naturalisering. Die verkryging van 'n nuwe burgerskap, of die oorstek van 'n grens beteken egter nie dat die lyding, onderdrukking, en materiële behoeftes van vlugteling verbeter of opgelos is nie.
- c) Slegs individue wat as gevolg van politieke en maatskaplike redes vervolgd word en dan buite hulle eie tuisstate beskerming soek, word deur die VN as vlugteling erken en staan as *de facto* vlugteling bekend.^(24.)

Die onderskeid tussen die volgende twee groepe moet egter ook in gedagte gehou word, naamlik:

- a. **Interne vlugteling:** Individue wat nog in hulle eie tuisstaat is, maar wie se lewens so erg (deur interne konflik) ontwrig is, dat hulle nie meer in veiligheid in hulle eie huise kan bly of aan normale ekonomiese aktiwiteite kan deelneem nie, staan bekend as interne vlugteling. Sulke individue word dus binne hulle eie state verplaas. Sulke individue kan permanent in vrees lewe as gevolg van 'n vrees vir vervolging en deur die hele trauma van konstante konflik en geweld leef, sonder enige hulp of beskerming omdat

hulle buite die grense van die internasionale vlugtelingsreg val. Sulke individue wat as gevolg van natuurlike rampe of nadelige maatskaplike, politieke of ekonomiese omstandighede intern verplaas word, ly onder verskeie skendings van menseregte asook sosio-ekonomiese verwaarlosing.^(25.)

(b) Daar bestaan ook 'n kategorie individue wat nie binne hulle eie state vervolgd word nie, maar tog daarin slaag om veilig na 'n ander staat te vlug en wat wel as gevolg van die interne konflik binne hulle eie gemeenskappe gely het. Internasionale ooreenkomste rakende vlugtelingstatus (behalwe dié van die OAE) maak geen voorsiening vir sulke individue nie.^(26.)

Vrees is 'n subjektiewe element. Om die motief van 'n individu wat aansoek doen om vrywaring (asiel) deeglik na te gaan en seker te maak dat die aansoek wel gegrond is, is 'n delikate proses. Die feit dat 'n persoon wat te midde van interne geweld en konflik sy/haar tuisstaat verlaat, mag nie genoeg wees om te bewys dat so 'n individu 'n slagoffer van vervolging is nie. Daar kan ook bykans nooit bewys word dat so 'n individu oor 'n genoegsame rede beskik om 'n "gegronde" vrees vir vervolging te hê nie.^(27.)

Daar bestaan dikwels verwarring tussen die begrippe vlugteling en onwettige vreemdeling. Die primêre oorsaak hiervan is dat inligting oor vlugteling op beide globale en nasionale vlak vrylik beskikbaar is, maar dat soortgelyke inligting oor onwettige vreemdelinge minder beskikbaar is en oor die algemeen as 'n onbetroubare raming gesien word. 'n Verdere aspek wat tot onsekerheid bydra is die feit dat, veral binne Afrika, die vlugtelingprobleem intensiewe aandag geniet, terwyl die kwessie van onwettige vreemdelinge hoofsaaklik as die probleem van die staat waarheen die onwettige vreemdeling gaan, gesien word.^(28.)

Soos vroeër in die hoofstuk genoem, is 'n vlugteling 'n individu wat as gevolg van verskeie redes, verskuif of gedwing word om uit sy/haar tuisstaat na 'n ander staat te vlug. Die belangrikste redes vir migrasie wissel van burgeroorloë of politieke geweld tot vervolging of diskriminasie (hoofsaaklik op die basis van geslag, ras,

etniese groepering waaraan die individu of groep behoort, geloof of politieke oortuigings). Dit word egter oor die algemeen aanvaar dat werklike vlugteling, met ander woorde dié individue wat beskerming en veiligheid in ander state gaan soek, tydelik vlug van omstandighede wat direk skadelik vir hulle persoonlike veiligheid kan wees. Sulke vlugteling kan in die vlugproses onwettig of onwetend oor internasionale grense beweeg en doen gewoonlik aansoek om vlugtelingstatus of politieke vrywaring met aankoms in die gasheerstaat. Sodra hulle as vlugteling geklassifiseer is, val sulke individue onder die jurisdiksie van die VNHKV en word hulle toegelaat om in uitgewysde gebiede (gewoonlik 'n vlugtelingskamp of nedersetting) te woon, tot tyd en wyl hulle vrywillig na hulle eie state gerepatrieer word, of sodra omstandighede in laasgenoemde dit toelaat. In ander state word sulke individue van tydelike verblyf- en werkpermitte voorsien tot tyd en wyl hulle na hulle eie state terugkeer.^(29.)

Dit is dus moontlik om te argumenteer dat daar wel 'n duidelike verskil bestaan tussen vlugteling wat as gevolg van 'n nasionale krisis gedwing is om in groot getalle uit hulle eie state te vlug en onwettige vreemdelinge wat hoofsaaklik 'n individuele besluit neem om onder andere beter ekonomiese omstandighede in 'n ander staat te gaan soek. So 'n individuele besluit kan wel die toestande wat in die tuisstaat heers reflekteer, maar is tog onderskeibaar van die omstandighede waarvoor vlugteling vlug. Vlugteling is slegs in die posisie om na hulle tuisstaat terug te keer indien die krisis of interne konflik opgelos is, terwyl onwettige vreemdelinge nie afhanklik is van die beëindiging van konflik om na hulle eie state terug te keer nie.^(30.)

1.2 Onwettige vreemdelinge

Daar bestaan nie, soos in die geval van vlugteling, 'n internasionaal-erkende ooreenkoms waarin omskrywings van onwettige vreemdelingstatus gegee word nie. Elke staat beskik oor maatstawwe en wetgewing waarvolgens 'n individu as 'n onwettige vreemdeling geklassifiseer word. Vervolgens word riglyne wat deur die meeste state as aanvaarbaar beskou word, bespreek. 'n Individu word oor die

algemeen as 'n onwettige vreemdeling beskou indien hy/sy:

- a) 'n bepaalde staat binnekom op 'n ander plek as 'n erkende binnekomspunt;
- b) in 'n staat aanbly sonder 'n geldige verblyfpermit;
- c) optree in oortreding van sy/haar verblyfpermit se gestelde voorwaardes;
- d) verbied word om 'n bepaalde staat binne te gaan; of
- e) verbied word om in 'n bepaalde staat aan te bly, terwyl, hy of sy, hom of haarself reeds in die bepaalde staat bevind.^(31.)

Wat onwettige binnekoms betref, word 'n individu as onwettig beskou indien hy/sy 'n staat op onwettige wyse binnegaan of die staat wettig binnegaan maar aanbly nadat die vereistes (toegelate verblyfperiode) op sy/haar tydelike verblyfpermit of visum verstryk het. Laasgenoemde sluit individue in wat daarin slaag om 'n bepaalde staat se dokumente op 'n onwettige wyse te bekom, of wat in besit is van sulke dokumente. In die praktyk is die skeidslyn tussen wettige en onwettige vreemdelinge egter minder duidelik. State laat in die algemeen vreemdelinge toe om tydelik in die gasheerstaat te woon (byvoorbeeld toeriste of studente) en hulle situasie word slegs as onwettig gesien as hulle sonder toestemming in die staat begin werk en sodoende 'n inkomste verdien of die tydperk wat hulle toegelaat word om in die land aan te bly, oorskry. 'n Vreemdeling kan ook as onwettig beskou word indien hy/sy die riglyne gestel deur internasionale ooreenkomste (byvoorbeeld die OAE Konvensie van 1967) oortree, al tree so 'n bepaalde vreemdeling in ooreenstemming met die gasheerstaat se implisiete of eksplisiete immigrasiebeleid op.^(32.)

Alhoewel 'n verskil tussen vlugteling en onwettige vreemdelinge bestaan, kan probleemareas in die toepassing of duidelike onderskeid daarvan geïdentifiseer word. Dié probleemareas word in die volgende onderafdeling bespreek.

1.3 Probleme wat uit die onderskeid tussen vlugteling en onwettige vreemdelinge voortspruit: Ekonomiese en omgewingsvlugteling

Die term "ekonomiese vlugteling" (individue wat van drastiese ekonomiese agteruitgang vlug) en "omgewingsvlugteling" (individue wat van ekologiese katastrofes vlug) word toenemend gebruik om individue wat as gevolg van hongersnood en omgewingsdegradasie gedwing word om na ander state te vlug, aan te dui.

In terme van die VN en OAE Konvensies bestaan geen onderskeid tussen "ekonomiese en omgewingsvlugteling" en onwettige vreemdelinge nie. Die definiëring van 'n vlugteling deur die *Verenigde Nasies Konvensie van 1951* is ook tot 'n mate problematies omdat die VN Konvensie oorspronklik slegs gesien is as 'n beheermaatreël om die Europese vlugtelingprobleem na die Tweede Wêreld Oorlog op te los. Dit gee nie erkenning aan òf ekonomiese òf omgewingsvlugteling nie. In sommige sienings, is die VN Konvensie tans nie meer voldoende nie omdat veral "ekonomiese vlugteling" en "omgewingsvlugteling" (wat die VN Konvensie as onwettige vreemdelinge beskou) die grootste gedeelte van globale en veral Europese "vlugteling", vorm.^(33.)

1.3.1 *Ekonomiese vlugteling*

Die term "ekonomiese vlugteling" word toenemend in verband met die verskynsel van globale migrasiepatrone gebruik omdat die primêre motivering vir migrasie (veral op regionale vlak) gewoonlik ekonomies van aard is. Dit is oorspronklik gebruik om die Jode wat Duitsland in die 1930's verlaat het te beskryf. Daar is na hulle verwys as die *Wirtschaftsemigranten*.^(34.) Net soos ware vlugteling, beskou werklike ekonomiese vlugteling migrasie na ander state met beter ekonomiese omstandighede as in sy/haar tuisstaat, as 'n noodsaaklikheid om te oorleef. "Ekonomiese vlugteling" verskil ook van amptelik erkende vlugteling, wat vlug van oorlog of politieke sowel as etniese vervolging eerder as ekonomiese

armoede.^(35.)

Ekonomiese onstabiliteit of agteruitgang is een oorsaak van migrasie, en is ook dikwels die oorsaak van burgers se ontevredenheid met die bepaalde regering wat magteloos is om toestande van armoede en deprivasie te verbeter, en selfs sulke toestande van armoede aanmoedig. Die onderskeid tussen "ekonomiese vlugtelinge" en onwettige vreemdelinge is veral problematies as individue van state vlug waar die politieke stelsel bydra tot armoede of dit selfs vererger (byvoorbeeld in Viëtnam waar politieke verdrukking gekombineer is met ekonomiese stagnering). In terme van die VN en OAE Konvensies is sogenaamde "ekonomiese vlugtelinge" egter nie ware vlugtelinge in die volkeregtelike sin van die woord nie.^(36.)

Dit is oor die algemeen moeilik om 'n duidelike onderskeid tussen werklike vlugtelinge en onwettige vreemdelinge te tref omdat grootskaalse ekonomiese migrasies dikwels deur politieke gemotiveerde vlugtelinge en omgekeerd, vergesel word. Die term onwettige vreemdeling word bo dié van "ekonomiese vlugteling" verkies omdat vreemdelinge wat hulself onwettig binne 'n bepaalde staat bevind nie meer as 'n wettige migrant gesien kan word nie maar as 'n onwettige vreemdeling. Deur 'n onwettige vreemdeling as ekonomiese vlugteling te klassifiseer word die verskil tussen 'n werklike vlugteling en 'n onwettige vreemdeling slegs verder verduister.^(37.) Volgens Loescher word die onderskeid tussen werklike vlugtelinge (soos deur die 1951 VN Konvensie gedefinieer) en "ekonomiese vlugtelinge" ook toenemend bemoeilik deurdat ekonomiese onstabiliteit en armoede dikwels deur politieke geweld (in veral ontwikkelende state wat oor min hulpbronne en swak infrastrukture beskik), vererger word.^(38.)

1.3.2 Omgewingsvlugtelinge

Alhoewel 'n duidelike verband tussen omgewingsdegradasie en grootskaalse migrasie van vlugtelinge bestaan, is dit nodig om die verskil tussen ware vlugtelinge en "omgewingsvlugtelinge" in gedagte te hou.

Die vermindering en oneffektiewe benutting van natuurlike hulpbronne gekombineer

met demografiese druk en chroniese armoede, kan lei tot die verergering van politieke, etniese, maatskaplike en ekonomiese spanning in 'n bepaalde staat, wat op sy beurt dan weer tot konflik lei wat individue dwing om te vlug. Daar word dan na sulke individue as "omgewingsvlugtelinge" eerder as ware vlugtelinge, verwys.^(39.)

As gekyk word na die implikasies vir beleidsformulering is die keuse van definisie meer as net 'n semantiese oefening. Uit 'n regsoogpunt verskaf die term vlugteling 'n status binne 'n bepaalde regsraamwerk en 'n begeleidende reg om aanspraak op bepaalde voorregte op grond van hierdie status, te maak. Indien 'n bepaalde individu misluk om hierdie status te bekom, soos in die geval van 'n onwettige vreemdeling, is die gevolg die uitsluiting van so 'n persoon uit die regstelsel. Dit is egter uiters belangrik om die maatskaplike bestaan van so 'n individu te onderskei van die wetlike erkenning, wat weens 'n verskeidenheid van politieke redes aan so 'n individu toegestaan of nie toegestaan word nie.^(40.)

Die aanvaarding van die term "ekonomiese vlugteling" en "omgewingsvlugteling" is dus nie slegs die aanpassing van 'n bestaande definisie nie, maar ook 'n fundamentele hersiening van die VN se bestaande definisie van 'n vlugteling.^(41.)

Vervolgens word die implikasies van onwettige vreemdelinge op state se politieke, ekonomiese en maatskaplike terreine, bespreek.

2. Implikasies van onwettige migrasie

Individue migreer onwettig of vlug (en doen gewoonlik aansoek om asiel) soms na state wat aan hulle eie grens, en waar hulle so gou as moontlik vlugtelingstatus kan bekom. Alhoewel vele vlugtelinge deur die VNHKV, die Wêreld Voedsel Program (WVP) en ander internasionale agentskappe en organisasies bygestaan word, lê die besluit steeds by elke regering self of hy vlugtelinge gaan erken en aanvaar en onder watter voorwaardes. Onwettige vreemdelinge migreer na state (dikwels buurstate) waar die moontlikheid van werkgeleenthede beter is as dié in

hulle tuisstate. Ten spyte hiervan lê die besluit, soos in die geval van vlugteling, ook by die regering hoe dié onwettige vreemdelinge wat hulself reeds binne die bepaalde staat bevind, behandel gaan word.^(42.)

Wat ook al die bepaalde regering se beleid rakende onwettige vreemdelinge, het grootskaalse onwettige migrasie na state, tot 'n meerdere of mindere mate, 'n invloed op die politieke, ekonomiese en maatskaplike terreine van sulke state, en word dit ook dikwels as 'n bedreiging vir die nasionale veiligheid van so 'n staat beskou.

2.1 Ekonomiese implikasies

Die grootskaalse instroming van vlugteling en onwettige vreemdelinge, het tot 'n meerdere of mindere mate, 'n invloed op die ekonomiese terreine in beide die tuisstaat en die gasheerstaat. Sodra 'n gedeelte van die tuisstaat se burgers emigreer, is die implikasies beide positief en negatief van aard. Die netto uitvoer van werklose individue, die verwagting van buitelandse valuta verdienstes met die terugkeer van dié individue en die verligting van ekonomiese druk, veral op maatskaplike dienste en behuising, is deel van die positiewe implikasies.^(43.)

Onwettige vreemdelinge kan vir die state waarheen hulle vlug egter 'n groot bron van kommer wees. Onwettige vreemdelinge is oor die algemeen arm en beskik oor min of geen vaardighede of opleiding nie. Die moontlikhede dat dié individue enige positiewe bydrae tot die gasheerstaat se ekonomie sou maak, is dus skraal. In gevalle waar die aantal onwettige vreemdelinge binne 'n bepaalde gasheerstaat groot is, kan hulle 'n aansienlike ekonomiese las op die ontvangende staat se ekonomie plaas. Solomon stel dit dat: "Legal immigration, especially into white collar jobs, is thought to be economically beneficial to the receiving state; whereas the economic ramifications of low- or un-skilled legal and illegal immigrants appears to be an adverse effect on the economy - for example, by depriving those locals at the bottom."^(44.) Omdat die onwettige arbeidsmag goedkoop en prakties is; onwettige vreemdelinge sonder waarskuwing afgedank kan word; en regerings

soms so 'n kwessie sal ignoreer solank die "onwettige" arbeidsmag nie met die plaaslike arbeidsmag kompeteer nie, buit werkgewers dikwels die onwettige teenwoordigheid van veral onwettige vreemdelinge uit en word dikwels teen hulle gediskrimineer. In veral geïndustrialiseerde state word wettige arbeiders deur vakbonde beskerm, terwyl onwettige vreemdelinge wat in sulke state werk kry, sonder enige sekuriteit in diens geneem word. Werkgeleenthede wat aan onwettige vreemdelinge gegee word vereis dikwels geen vorige ondervinding nie; kanse op bevordering en verhogings is skraal; en sulke indiensneming is hoogs sensitief vir ekonomiese fluktuasies. Die werkgewer besit dus die mag om die onwettige vreemdeling te dwing om in haglike omstandighede teen uiters lae vergoeding te werk - omstandighede, waarin die plaaslike arbeidsmag dikwels sal weier om te werk.^(45.)

Ekonomiese spanning word ook veroorsaak op die terreine van behuising, opvoeding, vervoerfasiliteite en mediese dienste.^(46.) Weiner stel dit in hierdie verband dat: "In much of the Third World, the fear of economic losses from migration often have a solid basis in reality. In the Third World, there are few jobs that migrants take that locals do not want. Moreover, there are additional concerns when migrants and a rapidly growing local population compete for land and for dwindling forests."^(47.)

2.2 Maatskaplike implikasies

Aangesien elke gemeenskap sy eie (en dikwels unieke) kultuur met trots beskerm, word individue wat van ander state 'n bepaalde gasheerstaat wil binnekom, aan bestaande norme blootgestel. Hierdie norme bepaal tot 'n mate watter individue die gasheerstaat mag binnekom; die regte en voorregte wat aan so 'n individu gegee word sodra hy homself in die bepaalde staat bevind; en of die gasheerstaat (met sy unieke kultuur) die vlugtlinge of onwettige vreemdelinge dalk as moontlike burgers sal oorweeg. 'n Oortreding van hierdie norme (deur onwelkome vreemdelinge byvoorbeeld) word dikwels as 'n bedreiging vir die basiese norme en waardes gesien en word sodoende ook as 'n bedreiging vir die nasionale veiligheid

van 'n bepaalde staat, beskou.^(48.)

Indien vlugteling of onwettige vreemdelinge oor grense beweeg, is dit nie net die fisiese beweging van individue nie, maar ook die verskuiwing van tale, kultuur, gelowe, en maatskaplike oortuigings. Die sosio-kulturele gevolge van grootskaalse migrasie kan nadelige implikasies vir die gasheerstaat inhou deur spanning tussen migrante en burgers van die gasheerstaat te veroorsaak, of selfs te vererger. 'n Goeie voorbeeld hiervan is Europese state waar die invloed van vlugteling en onwettige vreemdelinge as 'n ernstige bedreiging vir die nasionale identiteit van dié state gesien word.^(49.) "Most societies react with alarm when there is an unregulated large-scale illegal migration of people who do not share their culture and national identity. Illegal migration into the Sabah state of Malaysia from the Philippines and Indonesia - an estimated 400 000 or more of Sabah's 1,4 million population - has created anxieties there."^(50.)

Daar bestaan dus in verskeie state 'n groot vrees dat 'n té groot invloed van eksterne kulture, gelowe, tale en maatskaplike oortuigings die nasionale identiteit negatief sal beïnvloed, veral in state waar die ekonomie onder druk is en 'n verlaagde geboortesyfer voorkom. Die werklikheid van sulke vrese manifesteer in die fenominale groei van regse politieke partye waarvan bykans almal sterk anti-immigrante platvorms het. Onder sulke omstandighede bestaan die moontlikheid dat regerings anti-migrasiebeleidsrigtings in antisipasie van openbare reaksie kan aanvaar.^(51.)

Die druk van groot getalle onwettige vreemdelinge en vlugteling op bestaande infrastrukture in verskeie Derde Wêreld state is swaar en belas reeds beperkte hulpbronne, swak infrastrukture en beskikbaarheid van grond. Tog, was en is die meeste Afrikastate nog altyd redelik toegeeflik en verdraagsaam in hulle behandeling van onwettige vreemdelinge. Die mate van aanvaarding van enige gasheerstaat hou hoofsaaklik verband met die taal, kultuur en stamverwante ooreenstemmings tussen die onwettige vreemdelinge se tuisstaat, en die staat waarheen hulle migreer. Dié faktor speel 'n groot rol in Afrikastate, omdat 'n groot gedeelte van onwettige vreemdelinge in dié state uit buurstate kom.^(52.)

2.3 Politieke en veiligheidsimplikasies

Tradisioneel is veiligheid gesien in terme van magsverhoudings tussen state, veral ten opsigte van die behoud van territoriale integriteit van die staat of die veiligheid en kontinuïteit van 'n bepaalde regering met betrekking tot interne of eksterne militêre bedreigings. Met die beëindiging van die Koue Oorlog het die term nasionale veiligheid egter 'n nuwe en meer komplekse betekenis aangeneem. Wat tradisioneel polities-militêre kwessies op interstaatlike vlak betref, is ander aspekte van belang, naamlik etniese konflik, vlugtelinge, migrasie verskynsels, en bevolkingsgroei, bygevoeg. Nasionale veiligheid omsluit dus ook ekonomiese en maatskaplike faktore, byvoorbeeld die vestiging van ideale toestande vir ekonomiese vooruitgang en stabiliteit, en die behoud van interkommunale harmonie sowel as politieke deelname en die beskerming van minderheidsgroepe se regte, in die bepaalde staat. Groot skaalse migrasie het dikwels 'n nadelige invloed op die maatskaplike en ekonomiese veiligheid en stabiliteit van state, maar veral in state met onderontwikkelde ekonomiese stelsels, swak infrastrukture, onstabiele politieke stelsels en etniese of ander maatskaplike verdeeldheid of onstabielheid.^(53.)

Die betekenis van nasionale veiligheid verskil van een staat na 'n ander. 'n Etnies homogene gemeenskap mag byvoorbeeld meer waarde heg aan hulle eie etniese identiteit as 'n heterogene gemeenskap. Eersgenoemde gemeenskap kan die groot skaalse instroming van vlugtelinge en onwettige vreemdelinge as 'n bedreiging vir nasionale veiligheid beskou. Die instroming van onwettige vreemdelinge kan ook soms deur die regering van 'n bepaalde staat gevrees word, maar deur die opposisie van die regering verwelkom word. Een etniese groep mag onwettige vreemdelinge verwelkom, terwyl 'n ander gekant kan wees teen dié individue. Die sakegemeenskap is ook dikwels meer verdraagsaam en toeganklik teenoor onwettige vreemdelinge, omdat hulle goedkoop arbeid beteken, terwyl die algemene publiek hulle as kompetisie vir werkgeleenthede beskou. Die druk wat op maatskaplike dienste en die fisiese infrastruktuur geplaas word; die moontlike negatiewe invloed op plaaslike ekonomiese toestande; en die rasse en geloofspanning veroorsaak deur beide die invloei van onwettige vreemdelinge en

vlugtelinge, in veral gemeenskappe met kulturele heterogeniteit, voorspel moontlike negatiewe implikasies (op onder andere die gebied van nasionale veiligheid) vir vele onderontwikkelde en ontwikkelende state.^(54.)

Tans oorskry bestaande getalle onwettige vreemdelinge soms state se vermoë en gewilligheid om onbeperkte getalle onwettige vreemdelinge binne hulle grense toe te laat. Die huiwerigheid en die onwilligheid van vele state om hulle grense vir groot getalle onwettige vreemdelinge te open wentel primêr om die besorgdheid van state dat die grootskaalse instroming van onwettige vreemdelinge hulle sosio-ekonomiese stelsels negatief sal beïnvloed. Kommer bestaan ook oor die moontlikheid dat die instroming van onwettige vreemdelinge wat aan 'n ander etniese gemeenskap behoort 'n xenofobiese houding; konflik tussen onwettige vreemdelinge en plaaslike inwoners; en die groei van anti-migrante regse partye, kan veroorsaak.^(55.)

Alhoewel konflik (intern en/of ekstern) meestal die oorsaak van grootskaalse migrasie en die daaropvolgende verskynsel van veral vlugteling is, kan groot getalle vlugteling of onwettige vreemdelinge ook tot konflik binne 'n staat of tussen twee of meer state, bydra. "Migration and refugee flows are on the one hand, partially a reflection of *inter alia* economic and security conditions in the sending country, but the flight of people from a country can in turn cause further instability. Similarly, as far as the receiving countries are concerned, migration and other flows have generated conflicts within and between states. It has been reported that racial violence increased by 25 per cent in Germany during 1997, and crime attributed to the far right-wing by 34 per cent."^(56.)

Die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge en vlugteling binne 'n bepaalde staat kan dus ook as bron van konflik tussen die regerings van die gasheerstaat en die tuisstaat dien, indien die regering van die gasheerstaat die regering van die tuisstaat onder andere verantwoordelik hou vir groot getalle onwettige vreemdelinge of vlugteling binne sy grense. Verder is daar ook die kwessie van die opposisie teen die tuisstaat. "Opposition to their home regime by refugees and immigrants may strain relations between countries as the host country may be held

responsible for the activities of the refugees and migrants, even if the activities are lawful."^(57.) Die wyse waarop state mekaar se bedoelings met betrekking tot onwettige vreemdelinge en vlugteling interpreteer, is oor die algemeen krities. Hoe dit verloop, bepaal die omvang van konflik wat tussen state sal voorkom, sodra grootskaalse migrasie voorkom.^(58.) 'n Voorbeeld hiervan is die situasie tussen die Suid-Afrikaanse Regering en die Zimbabwiese Regering as gevolg van die grootskaalse uitsetting van onwettige vreemdelinge uit Suid-Afrika na Zimbabwe (die onwettige vreemdelinge se tuisstaat). Volgens die Zimbabwiese Regering het die grootskaalse uitsettings van onwettige vreemdelinge, ekonomiese onstabiliteit in dié staat veroorsaak en is verskeie beroepe op die Suid-Afrikaanse Regering gedoen om die tempo waarteen uitsettings plaasvind, te verminder.^(59.)

uitsetting

Vlugtelinge en onwettige vreemdelinge is ook dikwels verantwoordelik vir terreur aanvalle in die gasheerstaat sowel as die onwettige smokkel van wapens en deelname aan die smokkel van dwelms. State spits as gevolg van bogenoemde risiko's hulself al hoe meer daarop toe om seker te maak dat 'n bepaalde individu werklik in vrees vir vervolging lewe, voordat vlugtelingstatus aan hom of haar gegee word. In die geval van onwettige vreemdelinge, wat soms betrokke is by prostitusie en die smokkel van verskeie goedere, implementeer state strengere wetgewing en word meer klem gelê op effektiewe grenspatrolering.^(60.)

strenge

Die globale toename in politieke en ekonomiese druk word vergesel deur state se onwilligheid om onwettige vreemdelinge en groot getalle vlugteling binne hulle grense toe te laat.^(61.)

willigheid

3. Onwettige migrasie as 'n internasionale vraagstuk

internasionale

Die verskynsel van onwettige migrasie is slegs een van verskeie internasionale vraagstukke en word tot 'n mindere of meerdere mate in bykans al die streke van die wêreld aangetref en word om verskeie redes as internasionale vraagstuk beskou.

verskeie

beskou

Die eerste rede is dat onwettige migrasie op globale vlak toeneem. Die meeste onwettige migrasie vind vanaf onderontwikkelde state na meer ontwikkelde en geïndustrialiseerde state plaas, alhoewel onwettige migrasie ook dikwels binne streke vanaf onderontwikkelde na ontwikkelende state en ekonomiese voorkom. Soos reeds genoem, is die groeiende ekonomiese gaping tussen state (in veral die noordelike en suidelike halfrond) hoofsaaklik verantwoordelik vir die globale toename van onwettige migrasie. Verskille in inkomste en werkgeleenthede binne streke of tussen streke speel dus 'n groot rol in die toename van onwettige migrasie.^(62.) Faktore wat verder aanleiding gee tot die globale toename van onwettige migrasie is die toename van interne konflik, die toenemende verskynsel van droogtes, hongersnood, vloede en ander natuurrampe en die uitbreiding van globale kommunikasie en vervoernetwerke wat aan voornemende onwettige vreemdelinge die nodige inligting en vervoergeleenthede bied om onwettig na ander state te migreer.^(63.)

UNREGULATED

'n Tweede faktor wat daartoe bydra dat die verskynsel van onwettige migrasie as 'n internasionale vraagstuk beskou word, is die feit dat die grootskaalse migrasie van onwettige vreemdelinge na en die gevolglike teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge binne 'n bepaalde staat, tot 'n meerdere of mindere mate, 'n invloed op die politieke, ekonomiese, en maatskaplike terreine van so 'n staat kan hê.^(64.) Aan die een kant kan groot getalle onwettige vreemdelinge, wat bereid is om vir min geld en in swak omstandighede te werk, bepaalde arbeidstekorte binne sekere sektore van 'n ekonomie vul. Aan die ander kant, in gevalle waar die aantal onwettige vreemdelinge binne 'n bepaalde gasheerstaat groot is en die bestaande vlak van werkloosheid hoog, kan onwettige vreemdelinge 'n aansienlike ekonomiese en maatskaplike las op die staat se ekonomie plaas. State besit dikwels nie oor die vermoë of is nie bereid om groot getalle of selfs enige onwettige vreemdelinge binne hul grense toe te laat nie. Hierdie onwilligheid spruit dikwels voort uit kommer oor moontlike negatiewe ekonomiese en politieke implikasies wat die teenwoordigheid van groot getalle onwettige vreemdelinge mag inhou.^(65.)

THEY INTERFERE

Derdens, kan die verskynsel van onwettige migrasie as 'n internasionale vraagstuk beskou word omdat die verhoudings tussen state daardeur beïnvloed kan word en

die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge soms as 'n bedreiging vir 'n bepaalde staat se nasionale veiligheid beskou word. Verhoudings tussen state word veral beïnvloed indien die regering van die gasheerstaat die regering van die tuisstaat onder andere verantwoordelik hou vir groot getalle onwettige vreemdelinge binne sy grense. Alhoewel regerings dikwels van mening is dat die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge moontlike negatiewe implikasies mag inhou, en in reaksie getalle probeer verminder en selfs heeltemal stopsit, verskil regerings in hulle vermoë om die toevloei te beheer. Die onvermoë van 'n regering om die toevloei van onwettige vreemdelinge te beheer word dikwels as 'n bedreiging vir die bepaalde staat se soewereiniteit beskou. Wat die verband tussen politieke en veiligheidsimplikasies van onwettige vreemdelinge en die verskynsel van onwettige vreemdelinge as 'n internasionale vraagstuk betref, stel Meissner dit dat: "It is around illegal immigrants, asylum-seekers and refugees which the current migration debate in the industrialized world revolves. Quite simply, this is because unregulated and emergency migrations bespeak a loss of control. They challenge the capacity of governments to uphold basic sovereignty, in this case the choice of who resides in one's own country. States have an obligation to control entry into their own societies."^(66.)

Soos reeds in die vorige onderafdeling bespreek verskil die betekenis van nasionale veiligheid van een staat na 'n ander. Die grootskaalse onwettige migrasie na 'n staat kan soms deur die regering of bepaalde etniese groep van die staat gevrees word, maar deur die opposisie van die regering verwelkom word. Die wyse waarop state mekaar se bedoelings met betrekking tot onwettige vreemdelinge en vlugteling interpretêr, is oor die algemeen krities. Hoe dit verloop, bepaal die omvang van konflik wat tussen state sal voorkom, sodra grootskaalse, onwettige migrasie voorkom.^(67.)

'n Laaste aanduiding dat die verskynsel van onwettige migrasie as internasionale vraagstuk beskou kan word, is die formulering van ooreenkomste en resolusies deur internasionale organisasies en ooreenkomste tussen verskeie state binne 'n streek, in 'n poging om diè probleem aan te spreek. Sulke ooreenkomste en resolusies sluit onder andere die VN *Resolusie 48/102 van 1993* (wat die smokkel

van onwettige vreemdelinge verbied) in.^(68.)

4. SAMEVATTING

Soos aangetoon, bestaan daar heelwat verwarring oor die onderskeid tussen vlugteling en onwettige vreemdelinge. In dié verband is verskeie ooreenkomste bespreek en blyk dit dat die *1969 OAE Konvensie* 'n wyer omskrywing van vlugteling as die VN Konvensie voorsien. Sogenaamde "ekonomiese" en "omgewingsvlugteling" word egter nie as ware vlugteling deur een van hierdie konvensies erken nie.

Die migrasie van groot getalle vlugteling en onwettige vreemdelinge is dikwels onbeheerbaar, in die meeste gevalle ongewens, en vind gewoonlik van relatiewe arm, onstabiele en onveilige state na meer stabiele en welvarende state plaas. Die implikasies van hierdie verskynsel (wat soos uit dié hoofstuk blyk grootliks negatief te wees) vir al hoe meer state neem toe, en so ook die probleem wat vele state het om migrante (wettig en onwettig) effektief te beheer. Die gevolg is soms 'n toename in onwelkome vlugteling en onwettige vreemdelinge, staatloosheid, gedwonge verwydering, konflik binne state (tussen burgers en migrante), en konflik tussen state oor onwelkome migrasie. Internasionaal bestaan 'n toenemende negatiewe gevoel teenoor onwettige vreemdelinge en dikwels ook teenoor vlugteling, en regerings in veral geïndustrialiseerde state stel al hoe meer beperkende maatreëls in om die aantal migrante (wettig en onwettig) en vlugteling te verminder. Omstandighede binne gasheerstate word ook soms vir beide vlugteling en onwettige vreemdelinge bemoeilik deur geweld wat rassistiese en xenofobiese vyandigheid van burgers binne gasheerstate teenoor sulke individue, vergesel.

Onwettige bevolkingsverskuiwings hou 'n beduidende en toenemende bedreiging in vir die interne stabiliteit van die state wat direk of indirek daardeur geraak word. Samewerking oor internasionale grense is nodig as die probleem van vlugteling en onwettige vreemdelinge opgelos wil word, omdat hulle getalle toeneem, met meer

individue wat hulle state wil verlaat as wat daar state is wat oor die vermoë beskik en selfs die wil besit om hulle te akkommodeer en aan hulle beskerming te bied.

Die swak ekonomiese stelsels en infrastrukture van sommige gasheerstate vererger dikwels die probleem waarvoor die enigste ware oplossing naamlik die voorkoming van konflik en die stabilisering van ekonomiese stelsels, in die tuisstate self geleë is. In die volgende hoofstuk word die aard en omvang van die onwettige vreemdelingprobleem; implikasies van die onwettige vreemdelingprobleem; en beplande en bestaande maatreëls om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek, in geselekteerde state binne bepaalde geografiese streke bespreek.

VERWYSINGS

1. Hough, M, 1996, "*Illegal Aliens/Migrants in South Africa: Causes and Facilitating Factors*", in Minnaar, A and Hough, M (eds), Causes, Extent and Impact of Clandestine Migration in Selected Southern African Countries with Specific Reference to South Africa, Centre for Sociopolitical Analysis, Human Sciences Research Council and Institute for Strategic Studies, University of Pretoria, p 3.
2. Goodwin-Gill, G S, 1996, *The Refugee in International Law* (second edition), Claredon Press, Oxford, p 5.
3. *United Nations (UN) Convention Relating to the Status of Refugees*, 1951 [189 U.N.T.S. 150], p 1.
4. Mayotte, J A, 1992, *Disposable People: The Plight of Refugees*, Orbis Books, New York, p 3.
5. *Convention Relating to the Status of Refugees*, *op cit*, p 1.
6. Goodwin-Gill, *op cit*, p 5.
7. Ricca, S, 1989, *International Migration in Africa: Legal and administrative aspects*, International Labour Office, Geneva, p 140.
8. *UN Protocol Relating to the Status of Refugees*, 1967 [606 U.N.T.S. 267], p 1.
9. Goodwin-Gill, *op cit*, p 19.
10. Loescher, G, 1992, "Refugee movements and International Security", *Adelphi Papers*, no 268, p 7.
11. Solomon, H, 1993, "In Search of Canaan: A Critical Evaluation of the Causes and effect of Migration within Southern Africa, and Strategies to cope with them", *Southern African Perspectives*, CSAS, University of the Western Cape, no 24, p 3-4.
12. Helton, A C, 1994, "Displacement and Human Rights: Current Dilemmas in Refugee Protection", *Journal of International Affairs*, vol 47, no 2, p 228.
13. Goodwin-Gill, *op cit*, p 20.
14. Mayotte, *op cit*, p 4.
15. Hough, "*Illegal Aliens/Migrants in South Africa*", in Causes, Extent and

- Impact of Clandestine Migration..., *op cit*, p 4.
16. *OAU Convention concerning the Specific Aspects of Refugee Problems in Africa*, 1969 [1001 U.N.T.S. 46] Addis Ababa, 10 September 1969, p 2.
 17. Hough, "*Illegal Aliens/Migrants in South Africa*", in *Causes, Extent and Impact of Clandestine Migration...*, *op cit*, p 4.
 18. Ricca, *op cit*, p 140.
 19. *Ibid*, p 140.
 20. *Ibid*, p 141.
 21. Zolberg, A R, Suhrke, A and Aguayo, S, 1992, *Escape from Violence: Conflict and the refugee crisis in the developing world*, Oxford University Press, New York, p 29.
 22. *Ibid*.
 23. Anand, R M, 1993, *African Refugees: An Overview*, Rhama Publishers, New Delhi, p 7.
 24. *Ibid*.
 25. *Ibid*.
 26. *Ibid*.
 27. *Ibid*.
 28. Hough, "*Illegal Aliens/Migrants in South Africa*", in *Causes, Extent and Impact of Clandestine Migration...*, *op cit*, p 3.
 29. *Ibid*, p 6.
 30. Solomon, H, 1996, "*Illegal immigrants in South Africa: Causes, conditions and strategies to cope with it*", in Deng, L A and Tjonneland, E N (eds), *South Africa: Wealth, Poverty and Reconstruction*, Chr. Michelsen Institute and Centre for South African Studies, University of the Western Cape, p 118.
 31. Hough, "*Illegal Aliens/Migrants in South Africa*", in *Causes, Extent and Impact of Clandestine Migration...*, *op cit*, p 7.
 32. Ricca, *op cit*, p 58.
 33. Goodwin-Gill, *op cit*, p 18.
 34. Weiner, M, 1993, "*Security, Stability and International Migration*", in Weiner, M (ed), *International Migration and Security*, Westview Press, Oxford, p 17.

35. "Non-Military Security Issues in the Indian Ocean", Promaco Conventions PTY LTD for the International Forum on the Indian Ocean Region, *Working Paper 4 B*, 1995, p 23.
36. Solomon, "*Illegal immigrants in South Africa...*", *op cit*, p 119.
37. *Ibid*, p 120.
38. *Ibid*, p 119.
39. *Ibid*, p 120.
40. Kotze, H and Hill, L, "*Illegal Immigration in a democratic Southern Africa: Polemic and perception in the search for policy*", Paper presented at the biennial conference of the South African Political Studies Association, 27-29 September 1995, University of Stellenbosch, p 8.
41. *Ibid*.
42. Loescher, G, 1993, *Beyond Charity: International Co-operation and the Global Refugee Crisis*, Oxford University Press, p 7.
43. Solomon, H, 1994, "Migration in Southern Africa: A comparative perspective", *Africa Insight*, vol 24, no 1, p 65.
44. Solomon, H, "*In Search of Canaan...*", *op cit*, p 18.
45. Rogers, R, 1992, "The Future of Refugee Flows and Policies", *International Migration Review*, vol 26, no 4, p 117.
46. Weiner, "*Security, Stability...*", in International Migration and Security, *op cit*, p 18.
47. Weiner, M, 1995, *The Global Migration Crisis: Challenge to States and to Human Rights*, Harper Collins College Publishers, p 14.
48. Weiner, "*Security, Stability...*", in International Migration and Security, *op cit*, p 14.
49. Solomon, "*Migration in Southern Africa: A comparative perspective*", *op cit*, p 66.
50. Weiner, "*Security, Stability...*", in International Migration and Security, *op cit*, p 16.
51. Solomon, "*Migration in Southern Africa: A comparative perspective*", *op cit*, p 66.
52. Fair, D, 1996, "Refugees in Sub-Saharan Africa: From cause to solution", *Africa Insight*, vol 26, no 1, p 38.

53. Loescher, *Beyond Charity...*, *op cit*, p 6.
54. *Ibid*, p 25.
55. Weiner, "*Security, Stability...*", in International Migration and Security, *op cit*, p 2.
56. Hough, M, "*International Migration and Security in Southern Africa*", Paper presented at the Conference on Defence Economics and Security in Mediterranean and Sub-Saharan Countries, Lissabon, 5-6 June 1998, p 6.
57. *Ibid*, p 7.
58. Weiner, "*Security, Stability...*", in International Migration and Security, *op cit*, p 21.
59. Solomon, H, 1995, "*Illegal Aliens in South Africa: causes, conditions and strategies to cope with it*", Paper presented to IOM-UNFPA Symposium on migration, Pretoria, 22 August, p 16.
60. Weiner, "*Security, Stability...*", in International Migration and Security, *op cit*, p 20.
61. *Ibid*, p 225.
62. Weiner, "*Security, Stability...*", in International Migration and Security, *op cit*, p 3.
63. *Ibid*, p 2.
64. *Ibid*, p 4.
65. *Ibid*, p 18.
66. Meissner, D, 1995, *Managing Migrations*, in Kegley, C W and Wittkopf, E R (eds), The global Agenda: Issues and perspectives, McGraw-Hill, p 382.
67. Weiner, "*Security, Stability...*", in International Migration and Security, *op cit*, p 21.
68. *United Nations Resolution 48/102 of 1993, Prevention of Smuggling of Aliens.*